# C & N PRIMÊRE MEISIESKOOL ORANJE

## AANSOEK OM TOELATING

| SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Toelatingsnommer | 2 | 0 | 2 | | | | |
| Registrasiedatum | jaar/maand/dag | | | | | | |
| Graad en Klas | | A | B | C | | | |
| Toegelaat op SA-SAMS | Paraaf | | | | | | |

| LEERDERINLIGTING | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Van | | | | |
| Vorige Van (w.v.t.) | | | | |
| Voorletters | | | | |
| Noemnaam | | | | |
| Eerste Doopnaam | | | | |
| Tweede Doopnaam | | | | |
| Derde Doopnaam | | | | |
| Geboortedatum | jaar/maand/dag | | | |
| Bevolkingsgroep | | | | |
| Burgerskap | | | | |
| Identiteitsnommer | | | | |
| Woonadres | | | | |
| | | | | |
| Voorstad | | | | |
| Dorp/Stad | | | | |
| Kode | | | | |
| Provinsie | | | | |
| Huis Tel. No. | | | | |
| Noodnommer | | | | |
| Selnommer vir SMS'e | | | | |
| Huistaal | | | | |
| Koshuisleerder | Ja | Nee | | |
| Koshuis | Bornmanhuis | E. le Rouxhuis | | |
| Vervoermetode | | | | |
| Aantal kinders in gesin | | | | |
| Name en Grade van susters in OMS Primêr en OMS Pre-Primêr | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| Ouer(s) Oorlede | Geen | Pa | Ma | Albei |
| Geloof | | | | |
| Sporthuis | Boshoff | Brebner | Fischer | Otto |

| AKADEMIESE AGTERGROND | | | |
|---|---|---|---|
| Pre-Primêre Onderrig | Formeel | Informeel | Geen |
| Vorige Skool | | | |
| Provinsie geleë | | | |
| Eerste inskrywing in hierdie provinsie? | Ja | Nee | |

| MEDIESE- EN MAATSKAPLIKE INLIGTING | | | |
|---|---|---|---|
| Mediesefondsnommer | | | |
| Mediesefondsnaam | | | |
| Hooflid | | | |
| Huisdokter | | | |
| Dokter se Tel. No. | | | |
| Mediese Toestande | | | |
| Ander toestande wat berading mag benodig | | | |
| | | | |
| Behendigheid | Regshandig | Linkshandig | Beide Hande |
| Maatskaplike Toelaes | Kindersorg | Pleegsorg | Onderhoud |
| Toelaag Verwysing | | | |

| ALGEMENE INLIGTING VAN OUERS/VOOGDE | | | |
|---|---|---|---|
| **VADER** | | | |
| Titel | | Voorletters | |
| Van | | | |
| Noemnaam | | | |
| Volle Name | | | |
| | | | |
| Huistaal | | | |
| Bevolkingsgroep | | | |
| Identiteitsnommer | | | |
| Woonadres | | | |
| | | | |
| Voorstad | | | |
| Dorp/Stad | | | |
| Kode | | | |
| Beroep | | | |
| Werkgewer | | | |
| Werk Tel. No. | | | |
| Selnommer | | | |
| E-pos Adres | | | |
| Huwelikstatus | | | |

| MOEDER | | | |
|---|---|---|---|
| Titel | | Voorletters | |
| Van | | | |
| Noemnaam | | | |
| Volle Name | | | |
| | | | |
| Huistaal | | | |
| Bevolkingsgroep | | | |
| Identiteitsnommer | | | |
| Woonadres | | | |
| | | | |
| Voorstad | | | |
| Dorp/Stad | | | |
| Kode | | | |
| Beroep | | | |
| Werkgewer | | | |
| Werk Tel. No. | | | |
| Selnommer | | | |
| E-pos Adres | | | |
| Huwelikstatus | | | |

| NAASBESTAANDE BY ANDER ADRES AS BOGENOEMDE | |
|---|---|
| Titel | |
| Naam en Van | |
| Dorp/Stad | |
| Kontaknommer | |
| Verwantskap | |
| Woonadres | |
| | |
| Voorstad | |
| Dorp/Stad | |
| Kode | |

| EK/ONS SLUIT DIE VOLGENDE DOKUMENTE BY HIERDIE AANSOEK IN: | | |
|---|---|---|
| **1** | ’n Gesertifiseerde afskrif van die leerder se volledige geboortesertifikaat (Unabridged). | |
| **2** | ’n Gesertifiseerde afskrif van beide ouers/voogde se identiteitsdokumente. | |
| **3** | ’n Afskrif van leerder se immunisering-sertifikaat. | |
| **4** | Bewys van leerder se woonadres of ouer/voog se werksadres. | |
| **5** | Nuutste skoolrapport, van vorige skool. | |
| **NB: Relevante fooie betaalbaar na afloop van die onderhoud met ouers/voogde en kind:** | | |
| * | R500.00 fooi vir Skool (gedeelte van 1ste maand se skoolgeld). | |
| * | R500.00 fooi vir Koshuis (gedeelte van 1ste maand se koshuisgeld). | |

| VOLMAG, ONDERNEMING EN VRYWARING DEUR OUER/VOOG: | |
|---|---|
| **A** | Ek/ons versoek dat my/ons dogter toegelaat word as leerder van C & N Primêre Meisieskool Oranje en onderneem om my/ons te onderwerp aan al die reëls en voorskrifte van die skool ten opsigte van skoolfooie, gedrag, gereelde skoolbywoning, skooldrag, ens. |
| **B** | Ek/ons bevestig dat ek/ons die Skoolbeheerliggaam se Grondwet, die skool se Taalbeleid, die Gedragskode vir Leerders, die Toelatingsbeleid asook al die ander beleide soos gepubliseer op die skool se webwerf (www.oranjeprimer.co.za) gelees het, myself/onsself en my/ons kind daartoe verbind en daaraan onderwerp. |
| **C** | Ek/ons gee hiermee toestemming dat sy aan alle akademiese, sport- en kultuuraktiwiteite, wat deur die skool op 'n georganiseerde wyse aangebied word, mag deelneem. |
| **D** | Ek/ons aanvaar dat die skool binne redelike perke alles binne sy vermoë doen om die veiligheid en welstand van my/ons kind te verseker. Ek vrywaar egter hiermee die skool teen enige skade, verlies of besering, van welke aard ook al, wat my/ons kind mag ly uit hoofde van enige skoolbywoning, skoolaktiwiteit en/of enige skuldoorsaak van watter aard ook al. |
| **E** | Ek/ons aanvaar dat ek/ons verantwoordelik gehou sal word vir die betalings van die mediese- en/of hospitaal rekeninge, indien van toepassing, in geval van besering wat nie aan die growwe nalatigheid van die verantwoordelike personeel toegeskryf kan word nie. |
| **F** | Ek/ons dra my/ons magte as ouer/voog oor aan die Hoof van die skool of haar verteenwoordiger, indien mediese of chirurgiese behandeling vir my/ons kind nodig mag wees. Sover ek/ons weet, is sy fisies in staat om aan enige georganiseerde aktiwiteite deel te neem en verkeer sy in goeie gesondheid. |
| **G** | Ek/ons bevestig dat die inligting voorsien in die **Mediese- en Maatskaplike Inligting** afdeling van hierdie vorm, akkuraat en volledig is. Hierdie inligting mag gebruik word in enige noodgeval. |
| **H** | Ek/ons onderneem om alle boeke en toerusting wat aan my/ons kind in bruikleen gegee word, aan die Skoolhoof terug te besorg wanneer sy daarom vra. Ek/ons onderneem ook om die kostes te dra van alle items wat nie in ’n redelike toestand terugbesorg word nie. |

Ek/ons verklaar hiermee dat die inligting in hierdie vorm vervat, deur my/ons weergegee, waar en juis is en dat ek/ons by wyse van my/ons handtekening(e) hieronder aan die Voorsitter van die Beheerliggaam of sy/haar verteenwoordiger toestemming verleen om enige van die besonderhede, soos deur my/ons verskaf, na te gaan en te bevestig. Ek/ons is bewus dat, sou enige van die inligting, soos verskaf, onwaar bevind word, ek/ons krimineel vervolg kan word.

Geteken te ………………………………………… op hede die .............. dag van ……………………………………… 20...........

| | | |
|---|---|---|
| ______________________ | ______________________ | ______________________ |
| **Vader/Voog** | **Moeder/Voog** | **Mev. A.T. Albertyn (Skoolhoof)** |

# SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET (WET 84 VAN 1996)

## STATUTÊRE VERPLIGTING OM SKOOLFOOIE TE BETAAL - BLADSY 1

OOREENKOMS AANGEGAAN TEN OPSIGTE VAN DIE BETALING VAN SKOOLFOOIE, TUSSEN

**C & N PRIMÊRE MEISIESKOOL ORANJE**

EN

.............................................................................................................................................................

**(Ouer/Voog se naam en van)**

| **EK/ONS NEEM KENNIS EN VERSTAAN DIE VOLGENDE:** | | | |
|---|---|---|---|
| **1** | Verpligte skoolfooie vir **2024** beloop **R 24 100.00 per jaar per leerder**, soos aanvaar deur die meerderheid van ouers by die skool se jaarlikse Begrotingsvergadering. | | |
| **2** | Skoolfooie is **vooruit betaalbaar** en is verskuldig op die **7de dag van elke maand**. Ek/ons onderneem om alle verskuldigde gelde stiptelik **VOORUIT** te betaal. | | |
| **3** | Alle gelde wat ontvang word van ouers/voogde, word eerste aangewend om agterstallige skoolfooie te vereffen, indien van toepassing, en daarna geallokeer na die betrokke aktiwiteite van toepassing soos toere, middagstudie- en musiekfooie. | | |
| **4** | Indien middagstudiefooie en musiekfooie dus agterstallig is, neem ek/ons kennis dat hierdie klasse summier gestaak sal word, totdat die agterstallige fooie vereffen is, waarna die genoemde klasse weer bygewoon sal kan word. | | |
| **5** | **Betalingsopsies is as volg:** | | **Bedrag betaalbaar** |
| * | **Jaarlikse betaling** | | **R24 100.00** |
| * | **Kwartaallikse betaling**<br>Die betaling van vier gelyke paaiemente, vooruitbetaalbaar as volg: | | **R6 025.00 per leerder** |
| | **Eerste Kwartaal** | **31 Januarie 2024** | |
| | **Tweede Kwartaal** | **7 April 2024** | |
| | **Derde Kwartaal** | **7 Julie 2024** | |
| | **Vierde Kwartaal** | **7 Oktober 2024** | |
| * | **Maandelikse betaling**<br>Betaalbaar in tien (10) gelyke paaiemente, waarvan die **eerste betaling binne 7 dae na opening van die skool** moet geskied. Die oorblywende nege (9) paaiemente is betaalbaar **voor of op die 7de dag van elke daaropvolgende maand. Die laaste paaiement moet voor die <u>7de Oktober 2024</u>** betaal word. | | **R2 410.00 per leerder en is vooruitbetaalbaar** |
| * | **Debietorder**<br>Eerste paaiement word gevorder op **1 Januarie 2024**. | | **R2 405.00 per maand, per leerder** |
| * | **Korting op skoolfooie**<br>Korting word slegs toegestaan op skoolfooie wat **<u>voor 7 Maart 2024</u>** betaal word. | | **R23 135.00 per leerder** |
| **6** | Indien ouers agterstallig is met een paaiement, is die volle bedrag verskuldig en onmiddellik betaalbaar. | | |
| **7** | 'n Bedrag van R500.00 moet hierdie aansoek vergesel. Hierdie bedrag sal afgetrek word van die **R24 100.00** verpligte jaarlikse skoolfooie. | | |
| **8** | **Biologiese-/Aanneemouers/Voogde is gesamentlik, en afsonderlik, aanspreeklik vir die betaling van die skoolfooie, ongeag hul huwelikstatus (getroud, ongetroud, geskei of vervreemd).** | | |

# SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET (WET 84 VAN 1996)

## STATUTÊRE VERPLIGTING OM SKOOLFOOIE TE BETAAL - BLADSY 2

| | |
|---|---|
| **9** | **In die geval van wanbetaling van skoolfooie sal die skool regstappe instel teen albei ouers, ongeag van ooreenkomste, onderhoud en/of hofbevele wat mag bestaan tussen die partye.** |
| **10** | In terme van Artikel 39 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, is ouers aanspreeklik om verpligte skoolfooie te betaal. Dit is 'n statutêre verpligting. |
| **11** | In terme van Artikels 40 en 41 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, mag die skool aandring op die betaling van hierdie verpligte gelde. |
| **12** | In die geval waar die skool geregtelike stappe moet neem om die skoolfooie in te vorder, sal alle regskoste, insluitende prokureurskoste, soos op die skaal tussen prokureur en eie – kliënt, kliëntfooie en invorderingsgelde wat deur die skool gehef word, vir die betrokke ouer/voog se rekening wees. |
| **13** | 'n Positiewe kredietrekord is uiters voordelig vir elke ouer, omdat dit u vermoë verhoog om toegang tot krediet in die markplek te verkry. Die skool maak gebruik van dienste gelewer deur TPN Kredietburo en is by magte om wanbetalers op die Kredietburo te lys. |
| **14** | Ek/ons neem kennis dat, indien ek/ons nie in staat sou wees om skoolfooie te betaal nie, ek/ons kan aansoek doen om gedeeltelike vrystelling van skoolfooie, en dat dié aansoekvorm beskikbaar is by ons Debiteure afdeling. |
| **15** | Die skool het die reg om enige inligting, soos deur ouers/voogde verskaf, te verifieer. |
| **16** | Indien u wil appelleer teen 'n beslissing van die Beheerliggaam ten opsigte van die vrystelling van u verpligting betreffende sodanige skoolfooie, kan u dit doen by die Departementshoof van Onderwys, wat ten alle tye die bepalings van bogenoemde Wetgewing sal toepas en verplig sal wees om 'n behoorlike regsproses te volg ten einde die belange en regte van u as ouer, sowel as dié van die Beheerliggaam, te beskerm. |

Ek/ons, die ouer(s)/voog(de) van:

.....................................................................................................................................................

**(Leerder se naam en van)**

onderneem om my/ons te hou by die ooreenkoms, soos hierbo uiteengesit.

Geteken te ................................................ op hierdie ............... dag van ................................................ 20...........

| | | |
|---|---|---|
| **Vader/Voog** | **Moeder/Voog** | **Mev. A.T. Albertyn (Skoolhoof)** |

# SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET (WET 84 VAN 1996)

## REGULASIE VIR DIE GEDEELTELIKE VRYSTELLING VAN SKOOLFOOIE BETAALBAAR DEUR OUERS/VOOGDE

| **NB: Lees asseblief die voorafgaande inligting oor skoolfooie deeglik deur ten einde die onderstaande vraelys te voltooi.** | | **Merk waar van toepassing** | |
|---|---|---|---|
| **1** | Het die Skoolhoof u ingelig van die jaarlikse bedrag wat betaalbaar is ten opsigte van skoolfooie? | **Ja** | **Nee** |
| **2** | Het die Skoolhoof u ingelig dat u verantwoordelik is vir die betaling van skoolfooie, tensy u heeltemal vrygestel is van die betaling daarvan? | **Ja** | **Nee** |
| **3** | Het die Skoolhoof u ingelig oor u reg om aansoek te doen vir gedeeltelike vrystelling van die betaling van skoolfooie? | **Ja** | **Nee** |
| **4** | Oorweeg u om aansoek te doen vir sodanige vrystelling?<br>Die vorm is beskikbaar by Debiteure. | **Ja** | **Nee** |
| **5** | Verlang u bystand met die invul van dié aansoek?<br>Kontak Mev. Rita Prinsloo by Debiteure. | **Ja** | **Nee** |

Geteken te ………………………………………… op hierdie ………….. dag van ……………………………………… 20…………

| | | |
|---|---|---|
| ______________________ | ______________________ | ______________________ |
| **Vader/Voog** | **Moeder/Voog** | **Mev. A.T. Albertyn (Skoolhoof)** |